

Hoe 'n blinde sien



Vanjaar is die 200ste herdenking van Louis Braille se geboorte. Reinette Popplestone het aan WILLEMEN BRÜMMER vertel hoedat sy verhewe puntstelsel vir blindes haar lewe verander het.

As vierjarige kind op haar ouma se plaas, is sy verbied om saam te speel toe haar niggies 'n huis in die sanderige grond geteken het. Die rede? Sy trap op hul mure.

Vandag, 53 jaar later, het Reinette Popplestone haar eie huis binne stapafstand van Clovelly-strand. Skaars 'n klipgooi van haar voorstoep bruis die Laer Silwermyrivier verby, en vanuit haar tuin walm die reuk van kruie en grond. Binne speel haar dogter, Kirsty (32), met haar pleegkind, Rowan (6), en aan haar voete waak haar swart Labrador, Drum.

Sy glimlag asof sy steeds nie haar geluk kan glo nie. “Jy kan sien hoe ontsettend geseënd ek is. My lewe en my huis en my arms is vol.”

Tog moet Reinette vir haar man, Tony, vra watter kleur haar huis se mure is. En haar waarne-ning van die see met sy oneindi-ge skakerings van blou, wit en groen bestaan meestal vir haar uit klank. Sy leef in 'n wêreld sonder lig en donker en eers toe sy aan haar ma se gesig voel kort nadat sy 'n jaar gelede dood is, het sy begin vermoed haar ma is mooi.

Sy hou vir 'n oomblik op met wieg waar sy op 'n rooi hangstoel op haar leiklip-stoep sit. Geduldig probeer sy vir my verduidelik hoe die blindes “sien”. “Jy weet, mooi hét seker vir my beteke-nis . . . Mooi gedigte, mooi musiek, mooi stories. Maar ek weet nie hoe voel 'n mooi gesig nie.”

Sy soek na woorde, probeer weer. “As ander mense van bo van die berg af die see sien, sien hulle 'n uitgebreide stuk water. Maar daai hele konsep van iets waarneem wat verder is as wat jou arms lank is, is vir iemand wat blind gebore is bloot 'n intellektuele ding. Dit is soos *dark holes* in die sonnestelsel; jy sal nooit weet hoe dit lyk nie.”

Sy vertel hoe Kirsty op sewe vir haar gevra het of sy 'n “*mind's eye*” het en lag. “Ek het



Reinette Popplestone in die bronneseentrum van die Universiteit van Kaapstad se eenheid van gestremdhede, waarvan sy aan die hoof staan. Foto: NATALIE GABRIELS



Reinette by haar Perkins-braillemasjien in haar kantoor by die Universiteit van Kaapstad. Foto: NATALIE GABRIELS

gesê: ‘*No Kirsty, I don't think I do*’. Ek weet nie presies hoe die gesprek verloop het nie, maar ná 'n ruk het sy vir my gesê: ‘*Oh, then you have a mind's ear*’.”

Sy knik gelate. “Ek dink dis baie waar. As ek dink aan die see, dan dink ek aan sy geluid. In my brein is daar nie 'n plek om te registreer dat ek niks kan sien nie.”



Reinette se verhaal begin toe retinoblastoma, 'n geneties oordraagbare kinderkanker wat



Reinette ontvang haar BA-graad aan die Universiteit van Kaapstad. Sy het eers relatief laat in haar lewe verlief geraak op kennis, maar hierna het sy nie opgehou totdat sy met 'n doktorsgraad begin het nie.

in die selle van die retina ontwikkel, as baba by haar gediagnoseer is. Om te verhoed dat dit langs die oogsenuwee na haar brein en ander liggaamsdele versprei, was die enigste behandeling destyds om op tien maande albei haar oë te verwyder.

Op vyf is sy na die Skool vir Blindes op Worcester, waar haar hele lewe begin draai het om die ses opgehewe kolletjies onder haar wysvinger wat vir haar die wêreld van kennis ontsluit het.

“My kennis van die wêreld bestaan geheel en al uit wat ek gelees het. Romans leer vir jou

alles oor die wêreld wat jy moet weet.”

Van toe af was al haar hand-boeke in braille, sowel as haar klasnotas en aanvanklik haar huiswerk. Haar beste vriende was die bonkige storieboeke wat sy saam met haar na haar koshuiskamer geneem het.

“Ek was chronies en knaend *homesick* in die koshuis op Worcester,” onthou sy. “Vir my was lees die enigste ontvlugting uit 'n omgewing waarin ek nie wou wees nie.”

Ironies genoeg het haar gevoel van eensaamheid nie gewyk

wanneer sy vakansies Touwsri-vier toe is, waar haar pa die posmeester was nie. “Al twee my ouers het in die poskantoor gewerk en dan was ek vrek verveeld en vrek alleen. Ek het gelêf vir die dae waarop die groot sakke met die boeke van die braille-biblioteek in Grahamstad voor my ouers se voordeur neergeplof het.”

Deesdae het Reinette 'n rekenaar wat deur middel van 'n duur apparaat tekste na braille oorskakel. Sy't ook 'n rekenaar-program wat in 'n blikkerige Amerikaanse stem (maar vir haar klink dit soos haar beste vriend) vir haar die rekenaartekste voorlees. As sy dit so verkies, kan sy die boeke in audioformaat aankoop.

Vir haar kom niks egter naby 'n boek nie. “Om braille onder my vingers te voel is 'n behoefte wat amper sielkundig is. Dink hoe sou jy voel as jy vir 'n jaar op 'n verlate eiland moes bly met net 'n rekenaar en geen boeke nie. Die rekenaarstem wat vir jou die teks lees, meng in tussen jou en die boek.”

Sy glimlag. “Dit is nogal ironies, want toe ek met my doktorsgraad begin het, het ek die eerste keer 'n rekenaar en 'n skandeerder en allerlei ander vorms van tegnologie gehad. Dis toe ek ophou presteer het.”

<<6

Juis daarom bekommer sy haar daaroor dat blinde en gesiggestremde kinders dikwels nie meer aangemoedig word om braille te lees nie.

“Dit is asof die onderwysers nie verstaan dat jy ’n basiese primêre medium van geletterdheid nodig het nie. Ek het ’n rukkie gelede ’n artikel geskryf waarin ek mense herinner het aan die tyd toe ons almal gepraat het van die papierlose kantoor, en natuurlik het dit nooit gematerialiseer nie. Om die waarheid te sê, ek dink papiere het verdubbel. Mense gaan nooit voor hul rekenaar sit en hul stiltetyd hou nie, en hulle gaan nooit ’n storieboek op ’n rekenaarskerm lees nie.”

Dis kennelik ’n onderwerp waaroor sy ure kan praat. “In hierdie land op hierdie oomblik word daar in bitter min skole vir kinders doeltreffende braille geleer. Hulle leer miskien die braille-alfabet, maar om die alfabet te leer, is nie om te leer lees nie. Die vlak van kundigheid om vir die kinders braille te leer is ook baie laag.”

Sy verduidelik hoekom haar vaardigheid in braille haar van die meeste ander blindes in Suid-Afrika onderskei. Sy beklemtoon elke woord. “Die rede hoekom ek ’n werk het en in hierdie gawe huis bly en hom kan bekostig, is omdat ek kan lees en skryf en kommunikeer. *It’s as simple as that.*

“As jy blind is, is jou werksmoontlikhede ontsettend beperk. Jy kan nie ’n winkelier of ’n haarkapper of ’n bouer of ’n busbestuurder word nie. Die miljoene werke wat mense kan doen sonder beduidende geletterdheid is vir ons uitgesluit.”



Maar om soos Reinette te vorder tot amper by ’n doktorsgraad, behels meer inspanning as wat enige siende persoon ooit sou vermoed.

Sy vertel hoe sy ná matriek ’n driejaar-kursus in fisioterapie voltooi het aan die Royal National Institute for the Blind in Londen – in daardie dae ’n gewilde beroep vir talentvolle gesiggestremdes. “Deesdae lei hulle blindes nie meer op as fisioterapeute nie, maar in fisioterapie se vroeë dae het dit basies gegaan oor massering en oefeninge.

“Blinde fisioterapeute het oor die algemeen uitstekende reputasies, en hulle het baie geld gemaak in hul tyd.”

Ná haar terugkoms in Desember 1973 het sy haar eerste betrekking by 2 Militêre Hospitaal in Wynberg aanvaar. Daarna het sy ’n paar keer van hospitale verwissel, met Tony, ’n antiëkhandelaar, getrou en twee kinders gekry.

Moederskap het egter sy eie stel probleme gehad: Eers is retinoblastoma op vier maande by haar oudste, Kirsty, gediagnoseer en so suksesvol behandel dat sy vandag bestuur, perdry en werk as radiografis in Londen.

Kieron was egter nie so gelukkig nie. In Augustus 1981 is ’n verwante soort breinkanker



Reinette tydens ’n familievakansie in die Natalse Middellande sowat vier jaar gelede.



Reinette en haar dogter Kirsty. Reinette en albei haar biologiese kinders is met ’n venynige soort kinderkanker gebore bekend as retinoblastoma. Kirsty is op vier maande hiermee gediagnoseer, maar danksy goeie mediese behandeling kan sy vandag bestuur, perdry en werk sy as radiografis.

wat sy pineale klier (ook bekend as die derde oog) aangetas het, by hom gediagnoseer.

Reinette sluk. “Hulle het hom probeer behandel met bestraling en so aan, en in ’n stadium het hy heelwat beter geword. Oor Kersfees het die simptome egter skielik weer begin. In Februarie 1982 is hy oorlede.”

Sy bly ’n oomblik stil. Toe: “In daai stadium het ek geen ambisie gehad behalwe om ’n goeie ma en familiemens te wees nie. Ek dink ek het vir die eerste keer regtig gevoel dat ek ’n las gegee is wat ek nie kon dra nie. Dit was vir my ’n ontsettende ding om te moes erken dat die ding wat ek die graagste wou doen – om sy ma te wees – my ook van hom ontnem het.”



Ná Kieron se dood het haar lewe

mag sou hê. In plaas daarvan het sy verlief geraak op kennis. Sy straal. *“It was love at first sight.”*

Ná haar BA-graad het ’n honneursgraad in Engels, en daarna ’n meestersgraad gevolg, en gou het sy die tweede blinde student aan die UK geword wat ook klasgegee het. Die meeste van haar tyd en energie moes sy egter daaraan bestee om haar leesmateriaal in ’n formaat te kry waarin sy dit kon gebruik.

Omdat baie van die boeke nie in braille beskikbaar was nie, moes sy vir vriend, vyand en vreemdeling vra om tekste vir haar op band vas te lê. Sy’t al haar lesings opgeneem sodat sy tuis kon braille-nota’s maak, en vir werkstukke en eksamens moes sy eers al haar dinkwerk in dotjies doen voordat sy die finale weergawe op ’n Olympia-tikmasjien oorgetik het.

Toe sy begin klasgee het, was die grootste uitdaging die nasienwerk, maar sy het dit gou te bowe gekom deur met studente ’n afspraak te maak sodat hulle hul opstelle vir haar kon voorlees en sy terselfdertyd kon kommentaar lewer. Vir lesings het sy braille-nota’s gebruik, en in plaas van *power point* en projektors, het sy die studente leer luister.

Toe die Raad vir Blindes in 1995 vir haar ’n pos aanbied as Nasionale Braillekonsultant, het dit haar in teorie soos ’n handskoën gepas. Op haar geduldige manier verduidelik sy hoe sy as deel van dié werk die 63 kombinasies wat jy met die ses braillepunte kan vorm, help standaardiseer het op ’n soortgelyke manier as wat leksikograwe met woordeboeke sou doen.

Een kombinasie beteken byvoorbeeld in musiek iets totaal anders as in Afrikaanse braille of in wiskunde of musiek, maar tot in daardie stadium was daar nie in Suid-Afrika kodeboeke om vas te lê hoe die reëls geformuleer word nie. Sy moes ook die reëls help vaslê vir die verkorting van braille omdat dit verskillend is vir elke taal, en sy het haar veral bemoei met die didaktiek van braille.

“In hierdie hele land is daar nie een plek waar ’n onderwyser kan leer hoe om vir blinde kinders skool te hou nie, en vir ’n rukkie

het ek probeer om daai ondervinding net érens neer te skryf en om mense op te voed oor geletterdheid en die belang van braille,” vertel sy.

Omdat sy in Worcester moes woon, is sy egter gedwing om haar huwelik “deur die Hugenotetunnel te handhaaf”, en toe daar ’n pos beskikbaar word by die UK se eenheid vir gestremdhede, het sy dit met albei hande aangegryp. Tans staan sy aan die hoof van dié eenheid, wat onder meer sorg dat gestremde studente studiemateriaal kry in die formaat van hul keuse en dat geboue en ander geriewe vir hulle toeganklik is.

Sy’t ook planne om spyskaarte op die kampus elektronies aan blinde studente te stuur, en daar’s selfs braille-stembriefies beskikbaar vir die studenteraadsverkie-sing.

Sy’t egter min vertroue in die braille-stembriefies by die onlangse nasionale verkiesing. “Dit is basies deur ’n individu aan die OVK verkoop wat min begrip het van braille,” mompel sy. “Dink daaraan, wat is die kans dat dit so wetenskaplik uitgewerk is dat jy nie per ongeluk jou merkie in jou teenstander se blokkie sal maak nie?”

“Minstens het niemand ons gekeer dat my man die kruisie vir my trek nie, of dan om vir my te wys waar om dit te maak nie. In die verlede mag ’n familielid jou nie gehelp het nie. Jy moes aan ’n kiesbeampte sê vir wie jy wil stem. *So much for a secret vote!*”



In die kamer langsaan begin Rowan weer skree. Reinette vertel hoe die maatskaplike werkster haar destyds genader het toe sy gehoor het sy stel dalk belang om ’n blinde kind in pleegsorg te neem. Reinette het geantwoord dit sou ’n wonderlike uitdaging wees – mits hy nie enige bykomende gestremdhede het nie.

Sy glimlag. “Ek het gedink ek gaan ’n blinde seuntjie kry, hy gaan vyf word en skool toe gaan. Maar toe ek hom die eerste keer gesien het, was hy totaal *unresponsive*. Hy’t net gesit op my skoot.”

’n Pouse. “Op die ou end blyk dit hy kan sien, maar hy’s erg intellektueel gestrem. Vandag is hy absoluut onlosmaaklik deel van ons. Tot ’n groot mate het hy die spil geword waarom my en Tony se lewens draai.”

Rowan skreeu harder. Sy staan op, kom terug met hom in haar arms. Haar vingerpunte praat ’n soort braille oor Rowan se liggaam wat almal verstaan – selfs dié wat nooit sal kan lees en skryf nie.

“Met Rowie hoef jy net daar te wees vir hom. Jy moet hom vashou, by hom wees . . . Al vat jy net aan sy handjie, al voel hy jou net langs hom. So soetlik as wat dit mag klink, al wat hy nodig het is baie baie liefde.”

Sy lyfie ontspan en sy geskreeu word ’n sachte gemurmur. “Omdat ek my lewe lank so huis toe verlang het, wou ek so graag vir hom ook ’n huis skep,” sê sy.